

3 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 4:18-31
Fokusgedeelte: Eksodus 4:24, 31

Die Here se teenwoordigheid beteken lewe of dood

Die Here IS – lewend teenwoordig. Sy teenwoordigheid beteken óf dood of lewe vir mense. Dood vir die oudste seuns van die Egiptenare en lewe vir Israel, die oudste seun van die Here (vs 22-23). Die lewe is nie vanselfsprekend 'n gegewe nie. Die lewe word ontvang deur bloed, deur die dood heen. Dit leer Moses op die pad van Midian na Egipte. Waar Moses, sy vrou en kinders in 'n herberg oornag, wil die Here hom doodmaak. Hoekom? Die Here is die heilige God (3:2, 5). Hy haat die sonde en straf dit met die dood. Moses is 'n sondaar, 'n moordenaar en onwillig om die opdrag van die Here uit te voer. Die Here, die heilige en regverdige God, kan nie 'n verhouding hê met 'n sondaarsmens sonder om hom te wil doodmaak nie.

Moses bly lewe. Die Here laat hom bly lewe toe sy vrou met die bloed van sy besnyde seun aan hom raak. Hy word van die dood gered deur die bloed van die besnydenis. Die besnydenis is die teken van die verbond (Gen. 17:10). Die bloed van die verbond red Moses van die dood. Al hoop vir 'n sondaar, as die Here hom teëkom en hom wil doodmaak, is om vas te gryp aan die verbond, aan die genade van God. Die verbond is genade. Dit is genade dat 'n verhouding tussen die Here, die heilige God en sondaarmense moontlik is.

Die gebeure en die verbondsteken herinner ons hieraan. Sondaars moet sterf in die teenwoordigheid van God. 'n Verhouding met God is alleen moontlik deur bloed heen. Die bloed waardeur die verbond geldig gemaak en verseël word, is nie die besnydenisbloed van Abraham of van Moses of van sy seun nie. Die bloed waardeur die verbond geldig gemaak word, is die bloed van die Seun van God (Matt. 26:28). Sy bloed, sy dood aan die kruis, maak 'n verhouding met God moontlik. Sy bloed maak dit moontlik vir sondaars om in die teenwoordigheid van die Here te lewe. Die bloed van Jesus Christus red sondaars van die dood.

Sing: Skrifberyming 8:2; 24:3, 7 (1936); Skrifberyming 1-1:1, 7; 1-2:2 (2001)

Ds. FM Dreyer (Noordrand)